**19 NOVEMBER** **SKRIFGEDEELTE: PSALM 126**
**FOKUSGEDEELTE: PSALM 126:3**

## Die vreugde oor die dinge van die Here!

"Die Here het groot dinge aan ons gedoen …" So begin vers 3. Die volk van die Here kan getuig oor sy dade in hulle lewe. Die Here het hulle swaar met ballingskap gestraf vir hulle ongehoorsaamheid en hardkoppigheid, maar sy genade en redding wat Hy telkens weer vir hulle bewerk het, was groter. Onbegryplik en onverklaarbaar soos 'n droom het die Here die lot van Sion verander.

Soms is ons lewe, ons pelgrimsreis, ook maar soos 'n droom, nie waar nie? Sonder om hulle te verstaan en te kan verklaar, gebeur daar dinge in ons lewe wat alleen maar deur God se toedoen plaasgevind het. Die psalmdigter sê selfs dat die kinders van die wêreld verbaas is as hulle die dinge van die Here in sy kinders se lewens sien (vs. 2).

Nog groter is die verbasing van die ongelowige as ons vertel wat Jesus Christus vir ons gedoen het. Hy het ons lot vir ewig en altyd verander. Hy is die hoop dat uitgedorde lewens weer fonteine van vreugde sal word, en Hy is die belofte dat die saaier wat met trane saai ook weer sy handewerk met 'n gejuig sal inbring.

"Die Here het groot dinge aan ons gedoen: ons was bly!" So lui die volle vers. Lag en sing ons nog oor die groot dinge wat die Here aan ons gedoen het? Stap ons met 'n lied in die hart op ons pelgrimsreis? Moenie treurig wees nie. Die Here het ons sondaarslot vir altyd verander sodat ons nooit weer soos vlugtelinge hoef terug te kyk nie. Kyk vorentoe! Wees dankbaar! Meer nog, wees bly!

*Sing: Psalm 126* *Ds Ockie Struwig (Hoedspruit)*